| 17.  | Hy teken. OF Hy teken die tatoes. ✓  | (1) |
| 18.  | Sy wil die naweek daarmee spog. ✓ Sy gebruik sleng. ✓                          | (2) |
| 19.  | Sy wil ’n skoenlapper kry, want skoenlappers is haar gunstelinggedierte. ✓     | (1) |
| 20.  |  |     |
| 20.1 | Dewald se ouers het hom na ’n nuwe skool gestuur. ✓                            | (1) |
| 20.2 | Sy lewe is omvergegooi. ✓  | (1) |
| 20.3 | Elke skool het nuwe uitdagings en sy boelies gehad. ✓                          | (1) |
| 20.4 | Dit was nie maklik om ’n tiener te wees met ’n skielike hakkelproebleem nie. ✓ | (1) |
| 20.5 | Dewald het probeer om weer sy balans te vind. ✓                                | (1) |
| 20.6 | Dit terwyl een van die grootste boelies in die skool sy lewe hel gemaak het. ✓ | (1) |
| 20.7 | En hy het besluit: Genoeg is genoeg. ✓   | (1) |

[TOTAAL: 30]

## HOOFSTUK 6: ANDER WOORDSOORTE (bl. 96)

### Begripstoets (bl. 96–100)

1. Die verwagting dat die slimfoon skadelik is en dinge vernietig so ver dit gaan. ✓ (1)
2. Die slimfoon is in talle aspekte van ons lewens gevaarlik/nadelig. ✓ (1)
3. In paragraaf 2 word 'n stelling gemaak dat slimfone nie net vir bel is nie. ✓ In paragraaf 3 word daar uitgebrei: Jy kan nou nuusblaai op jou foon lees. ✓ (2)
4. Konnotatief ✓ Dit beteken om jou invloed te laat geld. ✓ (2)
5. Betekenisassosiasie met perde. Die motors wat 'n gemeenskaplike oorsprong het, is dus soortgelyk. ✓ (1)
6. Jy kry voordeel uit komponente wat op groot skaal vervaardig word. ✓ Hoe meer jy vervaardig, hoe goedkoper is die komponent. ✓ (2)
7. Die ontwikkelingskoste is gehalveer ✓ en die kompleksiteit van fabriek is verlaag ✓. (2)
8. Koste is verminder ✓, oornames tussen maatskappye het meer sin gemaak ✓ en nuwe modelle kon vinniger na markte gebring word ✓. (3)
9. Die suggestie is daar dat mense wat van Volkswagen hou baadjies met embleme daarop dra. ✓ So 'n persoon sou daarop trots kon wees dat Volkswagen meganika met Audi Q7 en Bentley Bentayga deel. ✓ (2)
10. Dit kan gebeur dat slimfone produksiegeheime kan verklap, want jy hoef net te sien, 'n foto te neem en te deel. ✓ Dis algemeen. OF Niemand sal snaaks dink nie. ✓ (2)
11. Hulle wil hul selfrytegnologie aan die wêreld bekendstel deur selfrymotors as taxi's aan lande beskikbaar te stel. ✓ ✓ (2)
12. Interaktiewe virtuele motorfeeste sal dit moontlik maak vir vervaardigers om hul produkte met behulp van toepassings te demonstreer en kopers sal só meer betrokke wees. ✓ ✓ (2)
13. Die gedrukte koerant is grootliks vervang met virtuele nuus, dus koop mense nou minder gedrukte koerante en dié tegnologiese vooruitgang kan nie gestop word nie. ✓ ✓ (2)
14. "Suinig met bande ook" ✓ (1)
15. Die handelaar sal bykomstighede aan die koper wys om die motor meer persoonlik te maak en nut te gee. ✓ (1)
16. Teks A noem die bekendstelling van die Volkswagen Tuareg ✓ en Teks B is 'n advertensie wat die Volkswagen Kombi adverteer en bekendstel. ✓ (2)
17. As jy 'n groot familie het. ✓ (1)
18. Alliterasie van die k-, en t- klank / Dis groot en vet gedrukte letters. ✓ (1)

[TOTAAL: 30]

### Lidwoorde (bl. 100–102)

1.		
a)	Pa is op kantoor. ✓	Pa is op die kantoor (byvoorbeeld op die dak). ✓
b)	Die vrou met die lank vingers ry 'n Kombi. ✓	Die vrou wie se vingers lank is, ry 'n Kombi. ✓
c)	Sy wil trou. ✓	Sy soek 'n spesifieke man. ✓
d)	Ek het motors van alle soorte bestuur. ✓	Ek het spesifieke motors bestuur. ✓
e)	Moenie mense bewus maak van iets wat verkeerd is nie. ✓	Die honde slaap letterlik en moenie wakker gemaak word nie. ✓
f)	Hy is in die tronk. ✓	Hy is fisiek agter spesifieke tralies. ✓
g)	Om te baklei. ✓	Appels swaai heen en weer. ✓
h)	Pa snork. ✓	Pa saag spesifieke balke. ✓

i)	Familie is belangriker as vriende. ✓	Die tekstuur van bloed is dikker as water. ✓
j)	Hy is besig met gevaarlike dinge. ✓	Hy speel letterlik met vuur. ✓
k)	Hulle doen dieselfde dinge. ✓	Die twee voëls lyk dieselfde. ✓
l)	Hy is maer. ✓	Fisiek net spesifieke vel en bene. ✓
m)	Hou nie van die kos nie. ✓	Die tande in die mond is lank. ✓
n)	Hy vertel leuens. ✓	Hy skiet stukke spek met 'n rekker of iets. ✓
o)	Nie belangrik wees nie. ✓	Die note in 'n orkes saam met 'n ander viool speel. ✓
p)	Hy wil paar. ✓	Hy is beseer en sleep een vlerk. ✓

### Telwoorde (bl. 102–104)

1.
  - a) verskeie – onbepaalde hooftelwoord ✓
  - b) talle – onbepaalde hooftelwoord ✓
  - c) hoeveelste – onbepaalde rangtelwoord ✓
  - d) middelste – onbepaalde rangtelwoord ✓
  - e) derde – bepaalde rangtelwoord ✓
  - f) etlike – onbepaalde hooftelwoord ✓
  - g) vyf – bepaalde hooftelwoord ✓

### Voegwoorde (bl. 104–106)

1.
  - a) Ek leer hard, dog my broer leer niks; hy is die hele dag besig met sy selfoon. ✓
  - b) Hy kan nie vinnig ry nie, aangesien hy nooit sy motor laat diens het nie. ✓
  - c) Die Kombi is nie duur nie; intendeel, die motor is bekostigbaar. ✓
  - d) Sy selfoon is stukkend; gevolglik kon hy jou nie bel nie. ✓
  - e) Jy moet hard werk; tensy jy nie suksesvol wil wees nie. ✓
  - f) Elke wiel werk afsonderlik; derhalwe is die motor se remstelsel buitengewoon. ✓
2.
  - a) Die motors is goed gebou en dit is een van die redes waarom VW vandag een van die grootste voertuigvervaardigers ter wêreld is. ✓ Onderskikkend ✓
  - b) Daar word baie motors verkoop omdat fabrieke oor die wêreld heen miljoene enjins bou. ✓ Onderskikkend ✓
  - c) 'n Gedeelte produksielyn halveer die kompleksiteit van jou fabrieke; gevolglik is die pryse laer. ✓ Onderskikkend ✓
  - d) Die modulêre boutegniek het vervaardiging in die 1980's vereenvoudig; derhalwe is kostes verminder. ✓ Onderskikkend ✓
  - e) Nuwe modelle kon vinniger na die markte gebring word; trouens, dit het die markte oorgeneem. ✓ Onderskikkend ✓
  - f) Dit is duidelik dat, hoewel die motors nie goed vervaardig is nie, die motors mooi sal wees. ✓ Onderskikkend ✓

**Voorsetsels**

1.

- |            |            |
|------------|------------|
| a) aan ✓   | l) Na ✓    |
| b) bo ✓    | m) om ✓    |
| c) bo ✓    | n) onder ✓ |
| d) deur ✓  | o) oor ✓   |
| e) buite ✓ | p) op ✓    |
| f) in ✓    | q) per ✓   |
| g) aan ✓   | r) op ✓    |
| h) aan ✓   | s) teen ✓  |
| i) in ✓    | t) Ten ✓   |
| j) aan ✓   | u) voor ✓  |
| k) agter ✓ |            |

2.

- |           |             |
|-----------|-------------|
| a) voor ✓ | f) onder ✓  |
| b) van ✓  | g) met/op ✓ |
| c) tussen | h) per ✓    |
| d) tot    | i) tussen ✓ |
| e) in     | j) tussen ✓ |

**Tussenwerpsels (bl. 108–109)**

1.

1.1	L ✓	1.2	G ✓	1.3	H ✓	1.4	I ✓	1.5	F ✓	1.6	C ✓
1.7	D ✓	1.8	K ✓	1.9	E ✓	1.10	A ✓	1.11	B ✓	1.12	J ✓

2. Leerder se eie sinne, byvoorbeeld:

- Hokaai! Dis nou genoeg. ✓
- Gits! Ek wonder of die motor wel so goed is. ✓
- Eureka! Ek het dit reggekry! ✓
- Allawêreld! Dis 'n spoggerige selfoon! ✓
- Haai! Hoe gaan dit?
- Aarde! Jou kamer lyk soos 'n nes! ✓

**Hersieningsoefening A (bl. 109–111)**

- Bepaalde lidwoord ✓ (1)
- Bepaalde hooftelwoord ✓ (1)
- Die elf speel saam met die feetjies. ✓ (1)
- diplomaties ✓ (1)
- “om te onderskei” ✓ (1)
- Ma noem ons op ons voorname sodat jy moet weet dinge is nou ernstig. ✓ OF Ma noem ons op ons voorname daarom moet jy weet dinge is nou ernstig. ✓ (1)
- Ag nee! ✓ Teleurstelling ✓ (2)
- kwaad ✓ (1)
- Komma voor die naam van die aangesprokene ✓ en Pa met 'n hoofletter, want dis sy naam ✓. (2)

10. Neweskikkend. ✓ Dis twee hoofsinne wat verbind is sonder dat die woordorde verander. ✓ (2)  
11. “Daar!” ✓ (1)  
12. vir/van ✓ (2)  
13. Die lyk is in die doodskis. ✓ (1)  
14. Hy lug sy mening. ✓ (1)  
15. des ✓ (1)  
16. Daar staan die motor wat jy kan gebruik. ✓ (1)  
17.  
17.1 ongelukkig ✓ (1)  
17.2 ou ✓ (1)  
17.3 onmoontlik ✓ (1)  
17.4 dood ✓ (1)  
17.5 dikwels ✓ (1)  
17.6 humoristies ✓ (1)  
17.7 selfversekerd ✓ (1)  
17.8 agter ✓ (1)  
17.9 aanvallend ✓ (1)  
17.10 stadig ✓ (1)  
[30]

### Hersieningsoefening B (bl. 111–112)

18.  
18.1 van ✓ 18.7 op ✓  
18.2 in ✓ 18.8 in ✓  
18.3 met ✓ 18.9 voor ✓  
18.4 in ✓ 18.10 van ✓  
18.5 in ✓ 18.11 vir ✓  
18.6 van ✓ (11)
19.  
19.1 Die blondkopvrou het geglo Hans kan gelukkig wees, mits hy hard werk. ✓ (1)  
19.2 Desondanks Hans se gebrek kon hy later self oor die weg kom. ✓ (1)  
19.3 Hy wou teruggaan skool toe, ofskoon hy nie kon sien nie. ✓ (1)  
19.4 Sy sig was ’n hindernis; tog het hy hard probeer. ✓ (1)

[TOTAAL: 45]

## HOOFSTUK 7: SINTAKSIS (bl. 112)

### Begripstoets (bl. 112–116)

1. “noukeurig” en “gefynkam” ✓ (2)
2. Die seuns het erge fisieke, emosionele en geestelike spanning ervaar. ✓ (1)
3. Toe hulle die grot ingegaan het, was daar ’n bietjie water. Op pad terug kon hulle nie uitgaan nie, want die watervlakke het gestyg. ✓ Hulle was almal in gevaar om vasgekeer te word en uiteindelik waarskynlik te verdrink. ✓ (2)
4. Die reën. ✓ (1)
5. Ja, die strategieë was sinvol. Dit het hulle positief laat bly. ✓ Die seuns het so min as moontlik beweeg om energie te spaar, hulle wou nie aan kos dink nie, om nie honger te raak nie, hulle het water gedrink en slakke geëet om aan die lewe te bly en nie te ontwater nie. ✓ Hulle het ook gedurig na ’n ander uitgang gesoek en met skerp klippe in ’n grotmuur gekrap om ’n tunnel te grawe om uit te kom. ✓ (3)
6. Die seun het geskrik ✓, want die duiker het in die donker met hulle gepraat en wel in Engels ✓. Hy kon hom nie verstaan nie. ✓ (2)
7. ’n Held is iemand wat sy lewe vir iemand anders opoffer. ✓ Saman Gunan se suurstof het tydens die operasie opgeraak en hy het gesterf terwyl hy die seuns wou help. ✓ (2)
8. Dit was ’n gevaarlike operasie. ✓ Die seuns het ongedeerd daarvan afgekom/Dis ’n wonderwerk. ✓ (2)
9. Die operasie het sowat twee weke geduur. ✓ Duikers, soldate, plaaslike burgers en kundige reddingswerkers uit sewe lande het deelgeneem. ✓ (2)
10. Leerder se eie mening. Dis waar dat ’n rysplaas weer kan teruggroei, maar menselewens nie. OF Menselewens is kosbaar en kan nie teruggebring word nie. ✓. ✓ (2)
11. Dit handel oor sokkerseuns wat uit ’n grot in Thailand gered is. ✓ Om die water uit te pomp is ’n rysplaas verwoes. Dit was ’n moeilike operasie, dus was dit ’n probleem om hulle daar uit te kry. ✓ Dus: ’n Taai tameletjie en dis woordspeling. ✓ (3)
12. “’n Dag ná die reddingspoging is die grotte heeltemal oorstroom.” ✓ (1)
13. Filmmakers val oor mekaar om nou die storie te verfilm. ✓ (1)
14. Ja. ✓ Daar is ’n kaart en die skrif wat verskil is ook interessant. ✓ (2)
15. Mense wat wil werk en eers ’n brugjaar wil neem ✓, maar ook wil reis en mense wat onderwys wil gee ✓ (2)
16. Die adverteerder soek Engelsonderwysers. ✓ Die kinders kon nie Engels praat met hul redders nie. ✓ Dus sou hulle baat gevind het daarby om Engels te leer. ✓ (2)

[TOTAAL: 30]

### Enkelvoudige sinsontleding (bl. 116–118)

1.
  - a)
    - GESEGDE: sien ✓
    - ONDERWERP: die duikers ✓
    - VOORWERP: die kinders ✓
    - BYVOEGLIKE BEPALING: huilerige ✓
    - BYWOORDELIKE FRASE VAN PLEK: in die grot ✓

- b)  
GESEGDE: is geprys ✓  
ONDERWERP: Die kinders ✓  
VOORWERP: geen ✓  
BYVOEGLIKE FRASE/BEPALING: geen ✓  
BYWOORDELIKE FRASE VAN REDE: vir hul dapperheid ✓
- c)  
GESEGDE: wegkruip ✓  
ONDERWERP: Hy ✓  
VOORWERP: geen ✓  
BYVOEGLIKE FRASE/BEPALING: geen ✓  
BYWOORDELIKE FRASE VAN PLEK: agter die rots ✓
- d)  
GESEGDE: stap ✓  
ONDERWERP: Hulle ✓  
VOORWERP: geen  
BYVOEGLIKE BEPALING: geen  
BYWOORDELIKE FRASE VAN TYD: hierdie naweek ✓  
BYWOORDELIKE BEPALING VAN WYSE: opgewonde ✓  
BYWOORDELIKE FRASE VAN PLEK: langs die grotte ✓
- e)  
GESEGDE: praat ✓  
ONDERWERP: Die man ✓  
VOORWERP: geen ✓  
BYVOEGLIKE FRASE: met die duikpak ✓  
BYWOORDELIKE BEPALING VAN WYSE: hard ✓

2.

- a) Die goeie sokkerspan was vir sestien dae in 'n grot. ✓  
b) Die senuagtige sokkerspan praat deur die week met die pers. ✓  
c) Die nuuskierige pers vra daardie week vrae. ✓  
d) Die beskermende sielkundiges het daardie dag na die seuns omgesien. ✓  
e) Die diep grot is veertien dae onder water. ✓

### Saamgestelde sinsontleding (bl. 118–120)

1.

- a) Toe die watervlak styg, het hulle 'n hoër deel gesoek. ✓ BYWOORDELIKE BYSIN VAN TYD ✓  
b) Hulle soek totdat hulle die oorkant van die grot bereik. ✓ BYWOORDELIKE BYSIN VAN TYD ✓  
c) Die afrigter vertel dat hulle gebid het. ✓ VOORWERPSIN ✓  
d) Die jongste lid van die span het gesê dat hy seker gemaak het dat hy nie oor kos dink nie. ✓ VOORWERPSIN ✓

- e) “Ons het net water gedrink omdat ons nie kos gehad het nie”. ✓ BYWOORDELIKE BYSIN VAN REDE ✓
- f) Hy het gesê dat hulle na ’n paar dae swak begin voel het. ✓ VOORWERPSIN ✓
- g) Dit klink asof dit ’n gevaarlike missie was. ✓ GESEGDESIN ✓
- 2.
- a) Wat die seun gesê het, het hulle geïnspireer. ✓
- b) Dat hulle gaan stap het, sou hulle nog berou. ✓
- 3.
- a) Hy beloof dat probeer sal word om hulle te red./ Hy beloof dat hulle gered sal word ✓
- b) Weet julle dat daar gevare is? ✓
- c) Die ouers sien dat die held die daad uitvoer. ✓
- 4.
- a) Dit blyk dat hulle nie siek is nie. ✓
- b) Dit skyn dat die seuns aan verdere spanning blootgestel is. ✓
- c) Dit klink asof die storie goed geëindig het. ✓
- 5.
- a) Die sokkerspelers is in die grot vasgevang. ✓
- b) Hulle is na ongeveer 14 dae deur lewensredders gered. ✓
- c) Die duiker se suurstof was op. ✓
- d) Die afrigter was die oorsaak van alles. ✓
- e) Die rysboere het ook kom help. ✓

### Ontkenning (bl. 121–122)

- 1.
- a) Weet niemand waar hulle was nie? ✓
- b) Hy sal hom nêrens in die grot sien nie. ✓
- c) Was jy nog nooit daar nie? ✓
- d) Niks sal aan die saak gedoen word nie. ✓
- e) Hy was nog nie daar nie. ✓
- f) Nóg die sokkerspelers nóg die afrigter is weg. ✓
- g) Ek het nie geweet dat hulle baie siek is nie. ✓
- h) Hulle gaan selde stap en swem. OF Hulle gaan nie dikwels stap en swem nie. ✓
- i) Sy wil nie meer Thailand besoek nie. ✓
- j) Moenie jou sak gryp nie! ✓
- 2.
- a) Nee, die seun is nie gevra hoe hy gevoel het toe die Britse duiker, Rick Stanton, uit die water opkom nie. ✓
- b) Nee, die span het nie die seuns ontdek waar hulle op ’n rots diep in die oorstroomde grotte gesit het nie. ✓
- c) Nee, die kind het nie vertel hoe geskok hy was toe hy niemand in die donker hoor praat nie. ✓
- d) Nee, die seuns kon nie ’n bietjie Engels praat nie. ✓
- e) Nee, hulle sal nie meer die plaas kan red nie. ✓



### Sinstipes (bl. 122–123)

1.

- |                 |               |
|-----------------|---------------|
| a) Stelsin ✓    | d) Bevelsin ✓ |
| b) Vraagsin ✓   | e) Stelsin ✓  |
| c) Uitroepsin ✓ |               |

2.

- a) Help ons die kinders? ✓  
b) Help die kinders! ✓

### Sinswyses (bl. 123–124)

1.

- |                                   |                                 |
|-----------------------------------|---------------------------------|
| a) Vraende wyse ✓                 | c) Aantonende/aanwysende wyse ✓ |
| b) Toevoegende/aanvoegende wyse ✓ | d) Onbepaalde wyse ✓            |

### Lydende en bedrywende vorm (bl. 124–126)

1.

- a) Is die seuns deur hulle gevind? ✓  
b) Seeslakke word weer vanaand deur hulle geëet. ✓  
c) Boodskappe van medelye is deur die seuns aan die held se familie geskryf. ✓  
d) Sy dood is deur sy suurstofteknik veroorsaak. ✓  
e) Die span is deur die dokters in die Chiang Rai Prachanukroh-hospitaal opgeneem en hulle is vir longinfeksies behandel. ✓  
f) Daar is deur baie plaaslike burgers van die omringende landbougebied hulp verleen. ✓  
g) Water is deur Thaise soldate uit die grot gepomp sodat daar deur reddingswerkers toegang tot die grot verkry kon word. ✓  
h) Nadat byna 130 miljoen liter water uit die grotte gepomp was, is die kinders gered. ✓  
i) Rys moet deur jou gekweek word. ✓  
j) Is daar vrywillig deur die vlootwerkers gewerk? ✓

2.

- a) Het hulle dan nie al lankal hierdie seuns gered nie? ✓  
b) Julle moet dit asseblief doen. ✓  
c) Julle mag nie hier swem nie. ✓  
d) Dit is tyd dat julle die grotte sluit. ✓  
e) Nadat hulle die seuns gered het, het hulle die ouers in kennis gestel. ✓

### Direkte en indirekte rede (bl. 127–129)

1.

- a) “Hoe het jy vandag gevoel toe die Britse duiker, Rick Stanton, uit die water opkom en die span ontdek waar hulle op ’n rots diep in die oorstroomde grotte gesit het?” het die joernalis gevra. ✓  
b) Die seun roep uit: “Sjoe! Ek was bly en kon dit nie glo toe ek iemand in die donker hoor praat nie.” ✓

- c) “Net een van die seuns kon ’n bietjie Engels praat en kommunikasie was ’n probleem,” het die afrigter verduidelik. ✓
- d) “Ons is ook jammer oor die verlies van luitenant-kommandeur Saman Gunan,” het die afrigter gesê. “Hy het homself opgeoffer om ons te red.” ✓
- e) Die seuns het gesê: “Ons was almal geskok en hartseer oor die nuus en het skuldig gevoel dat ons die oorsaak van sy dood was.” ✓
- f) Die seuns sê aan sy familie: “Ons is jammer dat hy gesterf het toe sy suurstoftenk leeg geraak het terwyl hy ons probeer red het.” ✓

2.

- a) Die sokkerspeler roep uit dat hy seergekry het toe hy sy arm gestamp het. ✓
- b) Sy ma vra simpatiek of hulle koud gekry het. ✓
- c) Die seuns roep verbaas uit dat hulle darem lank geneem het om hulle te kom red. ✓
- d) Die afrigter stem saam. ✓
- e) Die afrigter ontken dit. ✓

3.

- a) Die seun het gesê dat hy daardie middag in die grotte wil gaan stap. ✓
- b) Die moeder vra of hulle daardie aand kan help. ✓
- c) Die afrigter vra of hulle slaapklere ingepak het. ✓
- d) Die lewensredder het gesê dat hulle tot die vorige dag gesoek het. ✓
- e) Sy vra of al die spelers gekom het en of sommige gebly het. ✓

4.

- a) Hulle het gesê: “Ons kon nie die kinders kry nie.” ✓
- b) Die rysboere het geskree: “Ons sal kom help!” ✓
- c) Die seuns het uitgeroep: “Hoera! Ons is gered!”
- d) Die seun het sy maat gevra: “Het jy die slak gesien?” ✓
- e) Die afrigter het gewaarsku: “Oppas! Die slakke kan giftig wees.” ✓
- f) Die redders het aanbeveel: “Al die water moet uit die grotte gepomp word.” ✓

### Hersieningsoefening (bl. 130–131)

- 1. Enkelvoudige sin ✓ (1)
- 2. Willem luister nie en doen wat hy wil. ✓ (1)
- 3. “Vanaand is die aand.” ✓ (1)
- 4. Bywoordelike frases van tyd ✓ (1)
- 5. Gesegdesin ✓ (1)
- 6. “Toe hy ’n keer sukkel om die bal te vang . . .” ✓ (1)
- 7. Kan julle nie sien nie! wil hy skree. ✓ Rugby wêrk nie meer vir my nie! ✓ (2)
- 8. Vraagsin ✓ (1)
- 9. Mag ek in ’n wit kis lê met rooi blomme ✓ (1)
- 10. Franco word naby die einde van die wedstryd deur iemand geduik. ✓ (1)
- 11. Franco roep opgewonde uit dat hy ’n drie in sy heel laaste wedstryd gedruk het. ✓ (1)
- 12. Hy vertel sy pa: “Ek eindig vandag my rugbyloopbaan op ’n hoogtepunt.” ✓ (1)

13.

13.1 Onderwerp: Willem

Gesegde: het gedruk

Direkte voorwerp: 'n drie ✓

(1)

13.2 Bysin van rede: Willem het 'n drie gedruk omdat hy sy pa trots wou maak. ✓ (1)

**[TOTAAL: 15]**

## HOOFSTUK 8: SEMANTIEK (bl. 132)

### Begripstoets (bl. 132–136)

1. Daar word op 'n stoep stories vertel. ✓ (1)
2. Om bene te rek sal denotatief beteken om die bene langer te maak. ✓ Konnotatief beteken dit om te rus. ✓ (2)
3. Dis nie koud en donker en vol wilde dinge nie, nie beklemmend nie en jy behoort nie onveilig te voel as jy buite is nie. ✓ (1)
4. Buite is dit koud, donker en onveilig. Jy kan aangeval word of siek word. ✓ (1)
5. Jy voel welkom, want dis nie styf nie en jy kan jou tuismaak. ✓ Die tuin is naby genoeg om jou gemoed te sus./Dis gesellig./Dis 'n lekker atmosfeer./ Jy kan jouself wees. ✓ (2)
6. Hulle kan aanstoot neem vanweë die krake in die sement, ou tydskrifte, ou veerpyltjiebord, stukkende meubels of gemors op die vloer. ✓ ✓ (2)
7. In die somer. “somerstoepsit” ✓ (1)
8. Daar is altyd 'n hond, 'n kat, geitjies of swaeltjies en huismense wat ook geselskap soek. ✓ Daar is altyd iets wat aandag kort op 'n stoep, dus is daar altyd iets om te doen. ✓ (2)
9. “vlerksleep” ✓ (1)
10. 'n Stoep luister en bewaar geheime. ✓ Stoepsitters soek geselskap, hulle wil praat. ✓ (2)
11. Dis die skrywer se mening. ✓ “'n Stoep sal ook altyd iets te doen oplewer.” Nie alle stoepe het iets te doen nie. Vir kwaadgeld rondlê beteken niks te doen hê nie. ✓ (2)
12. Om te rook. ✓ (1)
13. Ja. As jy wil huil, bring 'n stoep jou nader aan die natuur en dan val jou deurmekaar gedagtes by die natuur se ritme in. (Paragraaf 9) ✓ Dan voel jy vertroetel. Jy voel nader aan die natuur en meer deel van die groter prentjie. (Paragraaf 10) ✓ (2)
14. Dokters het stoepsit nog nie voorgeskryf as vorm van meditasie nie. Totdat dit gebeur, sit die skryfster gereeld op 'n stoep as deel van haar heelwordproses /genesing. ✓ ✓ (2)
15. Mense wat reisigers op 'n openbare pad beroof (verouderd). ✓ (1)
16. “aanvalle” ✓ (1)
17. Hulle toer of is met vakansie. ✓ (1)
18. Hy lyk bekommerd omdat die besoekers nie gaan luister nie. ✓ Hy is bekommerd oor die gewelddadige struikrowers/aanvallers. ✓ (2)
19. Jy sou verwag dat daar gevaarlike diere in 'n nasionale park sou wees, maar hier is dit die mens wat gevaarlik is. ✓ ✓ (2)
20. “Maar buite is ook nie altyd die beste nie, want dis koud of donker of vol wilde dinge.” ✓ (1)

[TOTAAL: 30]

**Letterlike en figuurlike betekenis (bl. 136–141)**

1.

1.1	I ✓	1.2	G ✓	1.3	P ✓	1.4	F ✓
1.5	E ✓	1.6	B ✓	1.7	Q ✓	1.8	L ✓
1.9	J ✓	1.10	H ✓	1.11	C ✓	1.12	D ✓
1.13	K ✓	1.14	N ✓	1.15	O ✓	1.16	A ✓
1.17	M ✓						

2.

2.1	E ✓	2.2	A ✓	2.3	D ✓	2.4	F ✓
2.5	G ✓	2.6	B ✓	2.7	C ✓		

3.

3.1	G ✓	3.2	A ✓	3.3	D ✓	3.4	C ✓
3.5	F ✓	3.6	E ✓	3.7	B ✓		

4.

- |               |                |
|---------------|----------------|
| a) sand ✓     | f) ding ✓      |
| b) steler ✓   | g) dun ✓       |
| c) kruis ✓    | h) geweer ✓    |
| d) vaartjie ✓ | i) swerfgeld ✓ |
| e) maai ✓     | j) ander ✓     |

5.

- a) muis ✓  
 Betekenis: As jy genoeg geëet het, is die kos nie lekker nie. ✓
- b) kat ✓  
 Betekenis: As die werkgewer/ouer nie daar is nie, kan die werker/kind doen wat hy wil. ✓
- c) honde ✓  
 Betekenis: Iemand wat net dreig, doen niks. ✓
- d) voëls ✓  
 Betekenis: Hulle is baie dieselfde. ✓
- e) vlieg ✓  
 Betekenis: Hy is die oorsaak van iets onaangenaams. ✓
- f) vis ✓  
 Betekenis: Hy pas nie in nie. ✓
- g) uil ✓  
 Betekenis: Sy is verlore. ✓

- h) perd ✓  
Betekenis: Jy kan nie iemand dwing om suksesvol te probeer wees nie. ✓
- i) kalwers ✓  
Betekenis: Iemand anders se idees gebruik. ✓
- j) katjie ✓  
Betekenis: Jy moet versigtig wees vir daardie vrou. ✓
- k) haan ✓  
Betekenis: Niemand sal dit ooit weet nie. ✓
- l) hen ✓  
Betekenis: Die kind kan nie beter weet as sy ma nie. ✓
- m) beer ✓  
Betekenis: Wag tot jy iets bereik het voor jy almal vertel. ✓
- n) jakkals ✓  
Betekenis: Wie die minste het, spog die meeste. ✓
- o) voëltjie ✓  
Betekenis: Ek het so iets gehoor, maar is nie seker of dit die waarheid is nie. ✓

6.

- a) Denotatief: Die man wat water dra, het 'n emmer geskop. ✓  
Konnotatief: Die man wat die water dra, is oorlede. ✓
- b) Denotatief: Die jagter het gaan jag in 'n veld waar baie bokke is. ✓  
Konnotatief: Die jagter is oorlede. ✓
- c) Denotatief: Die man wat verskillende tye werk, het tot laaste gewerk. ✓  
Konnotatief: Die man wat verskillende tye werk, is oorlede. ✓

7.

7.1	D ✓	7.2	A ✓	7.3	F ✓	7.4	B ✓
7.5	C ✓	7.6	E ✓	7.7	I ✓	7.8	G ✓
7.9	K ✓	7.10	N ✓	7.11	H ✓	7.12	J ✓
7.13	L ✓	7.14	Q ✓	7.15	P ✓	7.16	O ✓
7.17	M ✓						

8.

- a) in ✓
- b) in ✓
- c) met ✓
- d) teen ✓
- e) met ✓

**Sinonieme (bl. 141–142)**

1.

- |               |                 |
|---------------|-----------------|
| a) staar ✓    | g) deesdae ✓    |
| b) frons ✓    | h) kans ✓       |
| c) boodskap ✓ | i) hare ✓       |
| d) gesit ✓    | j) kar ✓        |
| e) effens ✓   | k) breinspoel ✓ |
| f) katterig ✓ | l) genoeg ✓     |

2.

- |                  |                  |
|------------------|------------------|
| a) lelik ✓       | e) kwaad ✓       |
| b) aangename ✓   | f) aanmatigend ✓ |
| c) skaam         | g) netjies ✓     |
| d) toestemming ✓ |                  |

**Antonieme (bl. 142–143)**

1.

- |                 |                 |
|-----------------|-----------------|
| a) kort ✓       | g) vinnig ✓     |
| b) spraaksaam ✓ | h) verder ✓     |
| c) frons ✓      | i) vlak ✓       |
| d) gevonde ✓    | j) baie ✓       |
| e) grootsus ✓   | k) verwerping ✓ |
| f) alles ✓      |                 |

**Homonieme (bl. 143–145)**

1.

- NET: net vir hare; alleenlik; tonnels; netwerk. ✓  
 HAAR: op 'n kop; haar stoep; op 'n haar na; hot en haar beweeg. ✓  
 BY: 'n insek; by jou. ✓  
 SY: materiaal; 'n vrou; die kant van iets. ✓  
 SAK: 'n houer van materiaal of plastiek gemaak met iets in; afsak. ✓  
 KRUL: hare wat nie reguit is nie; ineenbuig. ✓

2.

	SELFSTANDIGE NAAMWOORD	WERKWOORD
a)	Die draai waarom ons ry, is skerp. ✓	Sy draai die kussing op die stoep om. ✓
b)	Die tas is gepak. ✓	Sy tas in die donker. ✓
c)	Ek skiet die rek. ✓	Die trui rek as jy hom so oor jou kop span. ✓
d)	Die skoemaker gebruik die lees om skoene op te maak. ✓	Ek lees 'n boek. ✓
e)	Die was loop teen die kers af. ✓	Ek was die motor. ✓

### Homofone

1.

- a) Hulle het 'n fonds gestig om die hawelose mense te help/Betaal die skoolfonds. ✓  
Die dinousourusbene was 'n opspraakwekkende vonds. ✓
- b) Dit blyk dat hy skuldig is. ✓  
Die hemp is gebleik en is nou wit. ✓
- c) Ek tel tot vier. ✓  
Hy stap fier (trots). ✓
- d) Hy vertel 'n leuen. ✓  
Hy leun teen die muur. ✓
- e) Hy is ryk en het dus baie geld. ✓  
Hy reik na die boek oor die tafel. ✓
- f) Sy vly haar op die stoepkussing neer. ✓  
Daar is paddas in die vlei by die stoep. ✓
- g) Sy brei 'n trui. ✓  
Mense bry wanneer hulle nie "r" reg uitspreek nie. ✓
- h) Hy maak 'n bod op die huis. ✓  
Die bome bot en is vol bloeisels. ✓
- i) Maak die rok wyer. ✓  
Hy weier om saam te werk. ✓
- j) Hy is 'n leier van mense. ✓  
Sy is 'n diabeteslyer/hartlyer. ✓
- k) Die fee kan toor. ✓  
Vee die stoep af. OF Die vee wei in die veld. ✓
- l) Sy wou help, maar kon nie. ✓  
Sy is so maer soos 'n kraai. ✓
- m) Die vors is 'n goeie koning. ✓  
Die fors man is sterk. ✓
- n) Die San het 'n pyl en boog gebruik om te jag. ✓  
Sy is moeilik verstaanbaar; ons kan haar nie peil nie. OF Ons moet die diepte van die dam peil voor ons deurstap. ✓
- o) My vel is bruin. ✓  
Die son brand fel. OF Die stryd tussen hulle is fel. ✓



**Doeblette (bl. 146)**

1.

a)	Ek het 'n partytjie gereël. ✓
	Hy gaan kuier gereeld by haar. ✓
b)	Die kinders se vaders was almal by die skool. ✓
	Ons voorvadere het nie geweet wat vandag sal gebeur nie. ✓
c)	Gebruik middels om te was. ✓
	Die doel heilig die middele. ✓
d)	Kinders in graad 1 leer om letters te vorm. ✓
	Sy studeer in die lettere en wysbegeerte. ✓
e)	Die goeters lê rond; tel dit op asseblief. ✓
	Ons bestel goedere van oorsee af. ✓

**Paronieme (bl. 146)**

1.

- a) Hy werk tydelik by ons. ✓  
Hy kom tydig en ontydig by ons kuier. OF Hoewel hy siek was, het die leerder sy werk tydig ingegee. ✓
- b) Jy moet afsien van die plan om oorsee te gaan. ✓  
Ons sal hom wegsien wanneer hy oorsee gaan. ✓
- c) Die man is geestig; hy het almal laat lag. ✓  
Ons gaan kerk toe om geestelik verryk te word. ✓
- d) Ek maak 'n belofte wanneer ek met jou trou. ✓  
Nonne lê 'n gelofte af om kuis en armoedig te lewe. ✓
- e) Die lisensie is nog geldig. ✓  
Help die boemelaar geldelik. ✓
- f) Ons kom tot 'n vergelyk. ✓  
In vergelyking met jou is sy mooier. ✓
- g) Sy identiteit is bewys. ✓  
Dra 'n bewys van identifikasie saam met jou. ✓
- h) Die skoonhede is beoordeel. ✓  
Moenie iemand veroordeel voor sy skuld bewys is nie. ✓

2.

- a) vyandelike ✓
- b) ongerus ✓
- c) president ✓
- d) ongegrond ✓

e) geneig ✓

**Een woord vir 'n omskrywing (bl. 148–150)**

1.

- |                    |                                  |
|--------------------|----------------------------------|
| a) agie ✓          | n) klaer ✓                       |
| b) bangbroek ✓     | o) leerder ✓                     |
| c) beeldhouer ✓    | p) violis ✓                      |
| d) bibliofiel ✓    | q) naguil ✓                      |
| e) diplomaat ✓     | r) petroljoggie ✓                |
| f) dosent ✓        | s) raadgewer ✓                   |
| g) paneelklopper ✓ | t) slaapwandelaar ✓              |
| h) eksaminator ✓   | u) toneelspeler/akteur/aktrise ✓ |
| i) fynproewer ✓    | v) vryskut ✓                     |
| j) gierigaard ✓    | w) wreedaard ✓                   |
| k) hengelaar ✓     | x) alkoholis ✓                   |
| l) jagter ✓        | y) ballerina ✓                   |
| m) juwelier ✓      | z) narsis/narsissis ✓            |

2.

2.1	D ✓	2.2	P ✓	2.3	N ✓	2.4	A ✓	2.5	C ✓
2.6	H ✓	2.7	J ✓	2.8	I ✓	2.9	G ✓	2.10	F ✓
2.11	S ✓	2.12	K ✓	2.13	O ✓	2.14	B ✓	2.15	E ✓
2.16	Q ✓	2.17	R ✓	2.18	M ✓	2.19	L ✓		

3.

- |                     |                    |
|---------------------|--------------------|
| a) sterk vrou ✓     | l) is geduldig ✓   |
| b) 'n mooi man ✓    | m) bring ongeluk ✓ |
| c) drink baie ✓     | n) 'n verraaier ✓  |
| d) jonk ✓           | o) oud ✓           |
| e) ryk ✓            | p) 'n wrede mens ✓ |
| f) 'n verleidster ✓ | q) sterk ✓         |
| g) praat goed ✓     | r) 'n filosoof ✓   |
| h) 'n verleier ✓    | s) ongelowig ✓     |
| i) lank en groot ✓  | t) mooi vrou ✓     |
| j) sterk man ✓      | u) 'n kwaai vrou ✓ |
| k) tweegesig ✓      |                    |

**Hersieningsoefening (bl. 150–152)**

1. Jy plaas jou lewe op die spel. ✓ Solank daar lewe is, is daar hoop. ✓ (2)
2. Die was van die kers loop op die tafeldoek. ✓  
Ek trek 'n sokkie aan. ✓ (2)
3. Tydig ✓ Hy kom tydig en ontydig kuier. OF Lewer jou werkstuk tydig in, anders tel dit nie. ✓ (2)
4. Iemand wat traag is/gemeen is, is 'n slak. ✓ (1)
5.
  - 5.1 liegbek ✓ (1)
  - 5.2 dommerd ✓ (1)

- |     |   |     |
|-----|---|-----|
|     |   | [2] |
| 6.  | veldbrand ✓                                 | (1) |
| 7.  | waarlik OF werklik ✓<br>sê ✓                | (2) |
| 8.  | wantrou ✓<br>begin ✓                        | (2) |
| 9.  |   |     |
|     | 9.1 <i>Mei</i> : Ek sal kom kuier in Mei. ✓ | (1) |
|     | 9.2 <i>maer</i> : Sy is maer. ✓             | (1) |
|     | 9.3 <i>moet</i> : Ek moet dit klaarmaak. ✓  | (1) |
| 10. | Leuens word gou ontdek. ✓                   | (1) |
| 11. | tandetrekker ✓                              | (1) |
| 12. |   |     |
|     | 12.1 wen nie ✓                              | (1) |
|     | 12.2 ry ✓                                   | (1) |
|     | 12.3 steek ✓                                | (1) |
|     | 12.4 seer ✓                                 | (1) |
|     | 12.5 gelag ✓                                | (1) |
|     | 12.6 speel ✓                                | (1) |

**[TOTAAL: 25]**

## EKSAMENVOORBEREIDING

### VRAESTEL 1: JUNIE (bl. 153–164)

#### AFDELING A

##### VRAE: TEKS A

- 1.1 Kuberkrakery lei daartoe dat sakeondernemings groot verliese lei. ✓ Suid-Afrika is nie bestand teen hierdie soort misdaad nie. ✓ (2)
- 1.2 Digitale tegnologies en konnektiwiteit maak dit moontlik. ✓✓ (2)
- 1.3 Die raming omvat alles, van data wat beskadig, vernietig of gesteel word tot gesteelde geld, ✓ verlore produktiwiteit, ✓ die koste om 'n aanval te herstel ✓ en reputasieskade. ✓ (4)
- 1.4 Baie kubermisdaad word nie opgemerk of openbaar gemaak nie. ✓✓ (2)
- 1.5 Daar is geen wetgewing om openbaarmaking af te dwing nie en maatskappye wil nie sekerheidskendings bekend maak nie. Mense sê dus nie wat hul status is nie. ✓✓ (2)
- 1.6 Ja, "al meer gesofistikeerd raak." ✓ (1)
- 1.7 Kriptovirale afdreiging. ✓ Dit is losprysware. Die slagoffer moet iets betaal om die saak reg te stel. ✓ (2)
- 1.8 Daar is kubermisdaad-markplekke op die donker web. ✓ (1)
- 1.9 Jy dink jy kan jou teen kubermisdaad beskerm, ✓, maar die realiteit is die soort misdaad is naamloos, gesigloos en grensloos. ✓. (2)
- 1.10 Die gewone gebruiker is baie aan hierdie soort misdaad blootgestel. ✓ 'n Mens moet versigtig wees, veral as jy by 'n maatskappy werk. ✓ (2)
- 1.11 Die meeste kwaadwillige bedrywighede word deur 'n besmette gebruiker na ander werknemers in hul maatskappye versprei. ✓ (2)
- 1.12 In paragraaf 14 is dit duidelik dat Suid-Afrika nie kubermisdaad wil erken nie ✓ Die titel dui aan dat Suid-Afrika juis daarom swaarkry. ✓ (2)
- [24]

##### VRAE: TEKS B

- 1.13 Die tydskrif bied oplossings vir beleggers. ✓ Die hande van die mense is verskillende kleure wat 'n reënboognasie (Suid-Afrika) verteenwoordig. OF Verskillende volke van Suid-Afrika verteenwoordig. ✓ (2)
- 1.14 Die risiko kom nog. Maak voorsiening vir die toekoms. ✓ (1)
- 1.15 Teks A: Suid-Afrika is nie beskerm teen kubermisdaad nie en sakeondernemings se produktiwiteit word geknou daardeur. Dit raak dus die ekonomie. ✓ Teks B is die voorblad van *Finweek* wat inligting verskaf oor die ekonomie. ✓ (2)
- 1.16 Eie mening. Iets soos: Ja. Ek sal nie onbekende e-posboodskappe oopmaak nie. ✓ (1)
- [6]

[TOTAAL AFDELING A: 30]

#### AFDELING B: OPSOMMING

##### VRAAG 2

Sinne word in paragraafvorm aangebied. Die feite is as volg:

- Te veel suiker kan lei tot lewersirrose.
- Insulien kan ophou werk. / Jou pankreas hou op werk.
- Suiker lei tot kanker.
- Suikerverslawing is soos dwelmverslawing.
- Suiker maak jou vir 'n rukkie energiek, maar daarna is jy traag.
- Te veel suiker maak jou traag.

- Suiker is sleg vir jou vel.
- Suiker kan jou geheue aantast.

(Enige 7 feite)

[TOTAAL AFDELING B: 10]

### AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

#### VRAAG 3

- 3.1 Spat word met water vereenselwig, dus word die strand hier geïmpliseer.  
Hier beteken dit om gou te vertrek. ✓ (2)
- 3.2 Mense wat graag strand toe gaan/ die strand besoek. ✓ (1)
- 3.3 Die woord verduidelik dat die tent sonder moeite, maklik opslaan. ✓ (1)
- 3.4 bi/ne ✓ (1)
- 3.5 Ek mis jou. ✓ (1)
- 3.6 Klankverspringing/metatesis ✓ (1)
- 3.7 Ja, daar is 'n klein tentjie wat jy binne sekondes op die strand kan opslaan. ✓ Dit sal jou teen die son beskerm. ✓ (2)
- 3.8 B/Die leser se behoefte om veilig te lewe. (1)
- [10]

#### VRAAG 4

- 4.1 Duke sê: "As Dokter dink ek lyk sleg, moet jy die krokodil sien . . . En dis nou maar wors!" ✓ (1)
- 4.2 Konnotatief ✓ (1)
- 4.3 krokodille ✓ (1)
- 4.4 Twee stamme: wors + hond ✓ (1)
- 4.5 Beletselteken ✓ (1)
- 4.6 Bywoord ✓ (1)
- 4.7 vreksleg ✓ (1)
- 4.8 Ingelaste sinsdeel ✓ (1)
- 4.9 wors ✓ (1)
- 4.10 Dis Duke, nie iemand anders wat sleg lyk nie. ✓ (1)  
Duke lyk sleg, nie goed nie. ✓ (1)
- [10]

#### VRAAG 5

- 5.1 Dis Engels. / Woorde in 'n ander taal. (1)
- 5.2 laerskoolkinders ✓ (1)
- 5.3 Jy het gedruip. OF Jy het misluk. ✓ (1)
- 5.4 maar ✓ (1)
- 5.5 Skandinawië ✓ (1)
- 5.6 krities kyk ✓ (1)
- 5.7 Toutologie ✓ (1)
- 5.8 Bewondering ✓ (1)
- 5.9 Ai! ✓ (1)
- 5.10 dit wil sê ✓ (1)

[10]

[TOTAAL AFDELING C: 30]

[GROOTTOTAAL: 70]

**VRAESTEL 1: JUNIE (Voorbeeld 2) (bl. 165–175)**

**AFDELING A: BEGRIPTSTOETS**

**VRAAG 1**

**VRAE: TEKS A**

- 1.1 Jy moet na jou ma luister ✓ (1)
- 1.2 “snuiter” ✓ (1)
- 1.3 Hy is so pas klaar met skool. ✓ Sy was ouer en was klaar met universiteit. ✓ (2)
- 1.4 Konnotatief. ✓ Dit beteken om te sukkel om nie te huil nie. ✓ (2)
- 1.5 In paragraaf 3 wil hulle nie huil nie. ✓ In paragraaf 4 word verduidelik: Hy wou huil, want hy was bang – die bal het te groot geword. Sy wou huil, want sy was bevrees hy kom nie terug nie. ✓ (2)
- 1.6 Sy het gevoel dis ’n ongewone geleentheid en voorreg. ✓ (1)
- 1.7 Maak die woorde persoonlik. Die leser kan hiermee vereenselwig. ✓ (1)
- 1.8 Leerder se eie mening of dat dit moeilik sal wees om terug te keer na jou land van geboorte as jy eers oorsee is. ✓ (1)
- 1.9 Leerder se eie mening met motivering uit paragraaf 8 wat interessant is: suikerstafies, bier, tongval, Arabiere, mineraalwater. ✓ (1)
- 1.10 Ja. Alles is nuut. OF Jy gaan nie die taal verstaan nie. OF Dis duur. ✓ (1)
- 1.11 Hy het getwyfel oor wat hy moet doen. Hy wou die krieketwêreldbeker volg. Die feit dat hy dit sou kon sien in kroë/kuiersplekke het gemaak dat hy nie kibboets toe is nie. ✓ (1)
- 1.12 “héél beste vriende in die wêreld” ✓ (1)
- 1.13 Hy het die vorige aand te veel gedrink of te laat uitgebly. ✓ (1)
- 1.14 Nee. Hy het eers vakansie gehou en is toe later kibboets toe. ✓ (1)
- 1.15 “oopmond” ✓ (1)
- 1.16 Israel is ’n moderne land met ’n florerende konstruksiebedryf en Egipte is ’n land waar motors nie kan ry nie. ✓ ’n Ou land waar mense nog donkies gebruik om te boer. ✓ (2)
- 1.17 Sy oë het wasig geraak ✓ en hy het die grond langs die Boeing gesoen ✓. (2)

[22]

**VRAE: TEKS B**

- 1.18 Die vetgedrukte skrif/alliterasie van die v en t. ✓ (1)
- 1.19 “stylvol” ✓ EN “taai” ✓ (2)
- 1.20 Die foto’s wys waar die motor in Afrika kan ry. ✓  
Dit wys hoe mooi Afrika is en maak jou lus om die vasteland te verken. ✓ (2)
- 1.21 Dis ook op die Afrika-vasteland. In albei tekste is landerye ter sprake. ✓ (1)
- 1.22 Teks A: “Motors kan dikwels nie hier ry nie”. ✓  
Teks B: “Verken en ry in gerief.” Die Fortuner is “gebou vir Afrika”, maar daar is baie plekke in Afrika waar geen motor kan ry nie. ✓ (2)

[8]

[TOTAAL AFDELING A: 30]

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Skryf die opsomming in paragraafvorm. Die punte is die volgende:

- Bestudeer voëls met 'n kamera of verkyker.
- Probeer self om die voël te identifiseer.
- Neem jou tyd.
- Kyk na die vorm, grootte en postuur eerder as na sy verekleed.
- Kry 'n gunstelingspesie.
- Bestudeer seevoëls met 'n teleskoop.
- Merk die voëlspesie wat jy nog nie gesien het nie.
- Moenie net op een plek na voëls kyk nie.

(Enige 7)

[TOTAAL AFDELING B: 10]

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE

### VRAAG 3

#### PARAGRAAF 1

- 3.1 Byvoeglike naamwoord ✓ (1)  
3.2 Weer ✓ (1)  
3.3 Ek ontwerp 'n rok. ✓ (1)  
3.4 Stowwe ✓ (1)

#### PARAGRAAF 2

- 3.5 Stampvol ✓ (1)  
3.6 Afstandskoppelteken: beteken stofseël en waterseël ✓ (1)  
3.7 wand/dik/te ✓ (1)  
3.8 Wys dat die houer sterk is soos die naam: "Iron man". ✓ (1)  
3.9 Mense wat 4 x 4's ry. OF Mense wat 'n stewige kis nodig het. ✓ (1)

#### PARAGRAAF 3

- 3.10 maks. ✓ (1)  
[10]

### VRAAG 4

- 4.1 Is ek lus om aandete te maak? ✓ (1)  
4.2 Hulpwerkwoord van tyd ✓ (1)  
4.3 Pluisie ✓ (1)  
4.4 gesmelte ✓ (1)  
4.5 Die lekkergoed is vuil. ✓ (1)  
4.6 Sy lyk in Raampie 1 moeg ✓ en verbaas in Raampie 2 ✓. Sy is nie lus om aandete voor te berei  
nie en is verbaas wanneer die seun aanbied om dit te doen. (2)  
4.7 ding ✓ (1)  
4.8 bergrug ✓ (1)  
4.9 Vir energie en vars asem. ✓ (1)

[10]

**VRAAG 5**

- |      |  |     |
|------|--|-----|
| 5.1  | Om iets moeiliks te probeer doen. ✓    | (1) |
| 5.2  | Onbepaalde hooftelwoord ✓              | (1) |
| 5.3  | Stellenbossers ✓                       | (1) |
| 5.4  | deelgeneem ✓                           | (1) |
| 5.5  | “Komaan, Michaela! Jy kan dit doen!” ✓ | (1) |
| 5.6  | deelneem ✓                             | (1) |
| 5.7  | genotvol ✓                             | (1) |
| 5.8  | waarvan ✓                              | (1) |
| 5.9  | boekwurm ✓                             | (1) |
| 5.10 | koppelwerkwoord                        | (1) |

[10]

**[TOTAAL AFDELING C: 30]**

**[GROOTTOTAAL: 70]**



**VRAESTEL 1: JUNIE (Voorbeeld 3) (bl. 176–187)**

**AFDELING A: BEGRIPSTOETS**

**VRAE: TEKS A**

- 1.1 Verandering ✓ (1)
- 1.2 Ons weet nie wat ander mense dink en doen nie. ✓ (1)
- 1.3 Agtien is vir hom 'n bekoorlike, vreemde getal. Dit voel soos verandering. ✓ Vir die eerste keer sien en ervaar hy sy omgewing werklik. ✓ (2)
- 1.4 Jy raak vasgeroes en groei nie. ✓ (1)
- 1.5 Hy belowe homself dat hy eerder sal sterf as om nie te groei en plek te maak vir nuwe dinge nie. ✓✓ (2)
- 1.6 “Dis jy wat haar nog saamdra”. ✓ Hy was iesegrimmig, ontevrede en kwaad. ✓ (2)
- 1.7
- 1.7.1 'n Mens kan net iets nuuts doen as jy plek maak daarvoor, dus is dit geloofwaardig. ✓ (1)
- 1.7.2 Ons dra ons moeg en kan nie dinge wat verby is, vergeet nie. ✓✓ (2)
- 1.7.3 Maak plek vir iets nuuts. ✓ (1)
- [4]
- 1.8 Vir die eerste keer het hy die smaak regtig beleef. ✓✓ (2)
- 1.9
- 1.9.1 Jy neem die besluit. ✓ Jy maak plek vir nuwe dinge en maak dit deel van jou. ✓ (2)
- 1.9.2 Jy sal nie stagneer nie. ✓ Jy sal jou nie moeg dra aan ou goed nie. ✓ Jy sal persoonlik groei. (3)
- 1.10 Die potensiaal vir groei in die mens is van groot waarde (“kosbaar”) en ons moet dit koester en nie ignoreer nie. ✓ Alle mense het die vermoë om te groei (“ons”), maar partykeer sien ons dit nie raak nie (“skuil”). ✓ (2)
- 1.11 Waar. ✓ Soos die saadjie groter word en die lig sien, so word die mens ook fisiek groter en groei geestelik om uiteindelik die metaforiese lig te sien. ✓ (2)
- [24]

**VRAE: TEKS B**

- 1.12 Suksesvol wees. ✓ (1)
- 1.13 Teks A handel oor die ouderdom 18. Teks B: Die seun is waarskynlik 18 en amper klaar met skool. ✓
- Teks A en B handel oor selfinsig. ✓ (2)
- 1.14 Hy was voorheen oneerlik. ✓ (1)
- 1.15 Die matriekslagsyfer wat laer was, wys die regering is eerlik. ✓ (1)
- 1.16 Ja, al die huismense se gesigte dui op neerslagtigheid en negatiwiteit Die uitdrukkings pas by die gemoedstemming van die seun wat gedruip het. ✓ (1)

**[TOTAAL AFDELING A: 30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Die opsomming moet in paragraafvorm gegee word. Die hoofpunte is as volg:

- Witsand is 'n plek van klein plesiertjies.
- Die plek kan die stadsgewoel uit jou gemoed wegtuur.
- Jy sal nooit op 'n hoop gedruk voel nie.
- Jy sal nie hier kan stilsit nie./ Hier is baie dinge om te doen.
- Jy sal nie hier honger ly nie.
- By Augrabies kan jy ver ente gaan stap en sommer fiks word.
- Jy kan hier fisies en geestelik vir jouself sorg.

(Enige 7 feite.)

[TOTAAL AFDELING B: 10]

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3

- 3.1 C/Reis na plekke ✓ (1)
- 3.2 Jy kan jou reis na 'n ander land deur *WegReis* se aanlynbesprekingsportaal bespreek en gemoedsrus ervaar. ✓ (1)
- 3.3 Jy kon jou vlerke spreï. ✓ (1)
- 3.4 md. ✓ (1)
- 3.5 Kyk aanlyn; Vermy bedrieërs. ✓ (1)
- 3.6 vlug ✓ (1)
- 3.7 Jy gebruik die aanlynbesprekingsportaal om weg te reis. ✓ (1)
- 3.8 Jy gaan oorsee per vliegtuig. Die vliegtuig het vlerke en versterk die woorde: Spreï jou vlerke. ✓ (1)
- Die emosie wat hier teenwoordig is, is vryheid. ✓ (2)
- 3.9 plek ✓ (1)
- [10]

### VRAAG 4

- 4.1 Die man vra hoeveel boeke hy/Hammie die vakansie gelees het. ✓ (1)
- 4.2 Hammie, jok jy? ✓ (1)
- 4.3 biblioteekboeke ✓ (1)
- 4.4 wiskundige ✓ (1)
- 4.5 Ek rond af. ✓ (1)
- 4.6 bibliotekaris ✓ (1)
- 4.7 Hoekom het jy dan nie 47 gesê nie? ✓ (1)
- 4.8 Voorheen het Hammie gemaak of hy nie wiskunde kan doen nie. ✓ (1)
- 4.9 opgeskop ✓ (1)
- 4.10 Die seun wat 'n gestreepte trui dra, vertel leuens. ✓ (1)
- [10]

**VRAAG 5**

- 5.1 Hy het nie regtig getoer nie, hy was op die verkeerde vliegtuig. ✓ (1)
- 5.2 Sy oupa het 'n 10-jarige seun op die verkeerde vliegtuig gesit. ✓ (1)
- 5.3 Die ouderdom van die seun staan nou eerste en prikkel belangstelling. / Dit betrek die leser. ✓ (1)
- 5.4 Nicolene sê: "My skoonouers het hom gister op die lughawe in Port Elizabeth afgesien." ✓ (1)
- 5.5 seë ✓ (1)
- 5.6 Komma tussen twee werkwoorde. ✓ (1)
- 5.7 vlieënier OF loods ✓ (1)
- 5.8 vlieg ✓ (1)
- 5.9 Onseker OF bekommerd ✓ (1)
- 5.10 C/bywoordelike frase ✓ (1)

[10]

[TOTAAL AFDELING C: 30]

[GROOTTOTAAL: 70]

**VRAESTEL 1 NOVEMBER (Voorbeeld 1) (bl. 188–197)**

**AFDELING A: BEGRIPSTOETS**

**VRAE: TEKS A**

- 1.1 Beklemtoon elke woord deur middel van polisindeton. ✓ (1)
- 1.2 Droogte en water is die kontras. ✓ Water gee vreugde en vlamme bring verskrikking. Sonder water is daar droogte en is die wêreld vatbaar vir vuur. En water word dan weer benodig om die vuur te blus. Dus is die twee onafskeidbaar verbind met mekaar. ✓ (2)
- 1.3 Water en vuur is genadeloos. ✓ In Paragraaf 3 verduidelik die skrywer sy het droogte en vuur op haar voorstoep beleef. Die woud het gesterf en toe kom die brande. ✓ (2)
- 1.4 Jou lewe is meer werd as wêreldse goed. ✓ Die brande was erg en dat hulle hul lewens behou het, was net uit genade. ✓ (2)
- 1.5 genadiglik ✓ (1)
- 1.6 “Ons het bewus geword van die relatiewe waarde van aardse besittings.” ✓ (1)
- 1.7 Angs ✓ Die woorde staan in isolasie. Jy is dus alleen teen die vuur. ✓ (2)
- 1.8 Dis lewensomblikke wat nie teruggekry kan word nie. ✓ (1)
- 1.9 Dit word ’n simbool van haar man – as student en op haar troudag. Dis ’n simbool van gelukkige tye. ✓ (1)
- 1.10 Droogte en vuur leer jou wat belangrik is. ✓ Hemel op aarde is wanneer jy gelukkig is. Dus is dit daardie dinge wat jy leer ken as jy voor droogte en vuur staan. ✓ (2)
- 1.11 Sy het wêreldse goed bo haar vriendin se geselskap verkies. ✓ (1)
- 1.12 ’n Mens verwag hulle sou versigtig wees met vuur tussen gras. ✓ Hulle maak vuur tussen wuiwende gras en bome. Dit kan ’n vernietigende veldbrand veroorsaak. ✓ (2)
- 1.13 Vuur van verskrikking teenoor vuur vir verkwikking ✓: oerbos wat afbrand teenoor koffiewater en malvalekkers braai ✓. (2)
- 1.14 Tyd saam met haar familie in die natuur ✓: kameeldoringbome en gras, dus geen droogte of vuur nie ✓. (2)

[22]

**VRAE: TEKS B**

- 1.15 Munisipale swembaddens in Kaapstad gaan gesluit word, want daar is ’n tekort aan water. ✓ (1)
- 1.16 Teks A handel oor droogte, ’n tekort aan water en ’n vernietigende vuur ✓ en Teks B oor droogte en ’n tekort aan water ✓. (2)
- 1.17 Denotatief: Die kinders kan nie swem nie, want die water is nie diep genoeg nie. ✓ Konnotatief: Die kinders is ontuis/verward. ✓ (2)
- 1.18 Die bane in ’n swembad kan nie gesluit word nie. ✓ (1)
- 1.19 Dis al water waarin die eende nog kan swem as gevolg van die droogte. ✓ Dit versterk die humor. ✓ (2)

[8]

[TOTAAL AFDELING A: 30]

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Die opsomming moet in paragraafvorm geskryf word. Die punte is as volg:

- Skenk aandag as iemand aan jou voorgestel word.
- Vra dat die naam herhaal word as jy nie reg gehoor het nie.
- Kry meer inligting oor die naam, soos hoe jy die naam spel.
- Herhaal die naam in die gesprek.
- Skep 'n snaakse beeld met die naam.
- Herroep saans al die name van die mense wat jy daardie dag leer ken het.
- Oefen dit.

[TOTAAL AFDELING B: 10]

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3

- 3.1 Dit trek die leser in en maak hom/haar deel van die situasie en maak dit persoonlik. ✓ (1)
- 3.2 'n Goeie storie is dramaties of humoristies. ✓ (1)
- 3.3 Die eienaar weet nie dat dit 'n samestelling is nie. OF Dis ook in Engels stoep en stories. ✓ (1)
- 3.4 In die Karoo: Richmond. ✓ (1)
- 3.5 Beletselteken, wat aandui dat die sin onvoltooid is. ✓ (2)
- 3.6 siende blind ✓ horende doof ✓ (2)
- 3.7 Dit staan uit. ✓ Water is 'n belangrike kommoditeit in die Karoo, so ook stoepstories. ✓ (1)
- 3.8 Die windpomp pomp water en herinner die leser dat water in die Karoo belangrik is vir oorlewing. Die windpomp is 'n simbool vir water en droogte in die Karoo. ✓ (1)
- [10]

### VRAAG 4

- 4.1 Die pa sê hy het vir Lucy mooi gevra om haar selfoon minder te gebruik, maar ná agt sekondes kon hy sien sy luister nie meer nie. ✓ (1)
- 4.2 Sy luister nie. ✓ (1)
- 4.3 vermoëns ✓ (1)
- 4.4 Sy behoort die selfoon af te geskakel het. ✓ (1)
- 4.5 studeer ✓ (1)
- 4.6 'n Mens se aandagspan word deur selfone verkort. ✓ (1)
- 4.7 Die vader kla oor Lucy wat verslaaf is aan haar selfoon en nie na hom luister nie, maar die moeder lees koerant en luister ook nie. ✓ (1)
- 4.8 In die oggend. Dit lyk soos ontbyt wat hulle eet. ✓ (1)
- 4.9 Aandag. Die meisie moet aandag gee. ✓ (1)
- 4.10 Jy moet jou foon minder gebruik! OF Gebruik jou foon minder! ✓ (1)
- [10]

**VRAAG 5**

- |     |  |     |
|-----|--|-----|
| 5.1 | Die weer is lekker. ✓  | (1) |
| 5.2 | suksesvolle ✓  | (1) |
| 5.3 | Hoofsin: Al twee het spoke ✓<br>Byvoeglike bysin: wat hulle jaag ✓ | (2) |
| 5.4 | Hoe langer hulle saamwerk, hoe meer het die skanse verbrokkel.     | (1) |
| 5.5 | mure OF grense ✓   | (1) |
| 5.6 | gebe <u>u</u> re – gebere ✓  | (1) |
| 5.7 | simpleks, want dit bestaan uit een stam. ✓                         | (1) |
| 5.8 | in ✓   | (1) |
| 5.9 | Jy sal seker betrokke raak by haar karakters. ✓                    | (1) |

[10]

[TOTAAL AFDELING C: 30]

[GROOTTOTAAL: 70]

**VRAESTEL 1: NOVEMBER (Voorbeeld 2) (bl. 198–209)**

**AFDELING A: BEGRIPSTOETS**

**VRAE: TEKS A**

